Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**SENIOR FASE**

# GRAAD 9

# NOVEMBER 2016

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2 MEMORANDUM

**PUNTE: 60**

Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

1. Spelfoute en eenwoord-antwoorde word slegs gepenaliseer as dit die betekenis van die woord verander.

2. Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.

3. By oop vrae word geen punte toegeken vir JA / NEE / EK STEM SAAM / Ek STEM NIE SAAM NIE. Die rede /motivering moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ ONWAAR of FEIT/ MENING- vrae, word die punte verdeel:

   1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/ MENING en

   1 punt vir die rede motivering / aanhaling.

   As die leerder se WAAR / ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd,

   verdien die leerder net EEN punt.

   As die leerder se WAAR / ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.

5. Geen penalisering vir aan- of afwesigheid van aanhalingstekens nie, al word ‘n aanhaling gevra.

6. Waar eenwoord-antwoord gevra word en die leerder ʼn volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

7. Wanneer twee of drie feite / punte vereis word en die leerder gee ʼn hele reeks, word slegs die eerste twee of drie feite / punte nagesien.

8. By meervoudigekeuse-vrae word beide die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

| | |
|---|---|
| **HOE OM PUNTE TE VERWERK:** | |
| Begriptoets: | 20 ÷ 2 = **10** |
| Taal: | 30 ÷ 2 = **15** |
| Opsomming: | 10 ÷ 2 = **5** |
| TOTAAL VIR DIE VRAESTEL OP SAMS **30** | |

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

| VRAAG Teks A | MEMORANDUM | | PUNT | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| 1.1 | B / sit jou arms om iemand se skouers ✓ | | 1 | 2 |
| | | | | |
| 1.2 | 40 jaar (Antwoord moet in jaar gegee word) ✓ | | 1 | 3 |
| | | | | |
| 1.3 | ".. Die wyse waarop sy ... ʼn algemene vraag beantwoord het, het waarskynlik die deurslag gegee." ✓ (moet aanhaal) | | 1 | 1 |
| | | | | |
| 1.4 | eenheid/vergifnis/versoening (enige een) ✓ | | 1 | 1 |
| | | | | |
| 1.5 | selfvertroue / grasie ✓ | | 1 | 1 |
| | | | | |
| 1.6 | 1.6.1 | feit ✓ | 1 | 3 |
| | | | | |
| | 1.6.2 | "Casper Bosman haar Bloemfonteinse ontwerper ..." ✓ (moet frase wees) | 1 | 3 |
| | | | | |
| 1.7 | A / om mooi en netjies aan te trek. ✓ | | 1 | 3 |
| | | | | |
| 1.8 | Leerder se respons MOET oortuigend en logies wees. Bv. Ja. Sy is vir enigeen ʼn rolmodel. / Kry geleentheid om ander lande te sien/mense te ontmoet/mooi klere te kry/kans te kry om sosiale geleenthede by te woon. (Net motivering word bepunt.) | | 1 | 5 |
| | | | | |
| **TEKS B: ADVERTENSIE** | | | | |
| | | | | |
| 1.9 | Skoene / skoolskoene (nie toughees nie) ✓ | | 1 | 2 |
| | | | | |
| 1.10 | Skoolkinders / ouers met skoolkinders ✓ | | 1 | 3 |
| | | | | |
| 1.11 | Die groter letterwoorde gee belangrike inligting/trek aandag/ beklemtoon die woorde. ✓ (Enige 1) | | 1 | 4 |
| | | | | |
| 1.12 | Jy moet enige toughees produk koop/koop toughees skoolskoene. ✓ | | 1 | 2 |
| | | | | |
| 1.13 | 31 Januarie 2015 ✓ | | 1 | 1 |

**TEKS C: GRAFIEK**

| **VRAAG** | **MEMORANDUM** | **PUNT** | **DENK-VLAK** |
|---|---|---|---|
| 1.14 | Engels ✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.15 | Xhosa ✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.16 | Xhosa-sprekers in die Oos-Kaap het minder geword. / Meer Xhosa-sprekers verkies Engels. ✓ | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.17 | Xhosa ✓ | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.18 | Engels, Afrikaans, Xhosa | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.19 | Ja, dit gee jou ‘n idee watter tale die meeste gepraat word in jou provinsie. (enige sinvolle antwoord) | 1 | 4 |
| | | | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **(20 ÷ 2)** | **10** |

## AFDELING B: TAAL IN KONTEKS

## VRAAG 2: ASSESSERINGSRIGLYNE

### WOORDSTRUKTURE

- Spelling moet korrek wees om punte te verdien.
- Die standaardvariant geld.

### Sinstrukture

- Die "ge-" moet as een woord met die werkwoord geskryf word.
- Die "te" moet in verbinding met die infinitief as twee woorde geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie.
- Streektaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat soos volg moet begin, moet die sin uitgeskryf word.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.

| VRAAG | MEMORANDUM ADVERTENSIE | | PUNT | ASSESSERING | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 2.1 | Clover soek na die <u>k</u>lein <u>k</u>okke wat mal is oor die <u>k</u>ombuis. ✓ | | 1 | Gebruik van alliterasie korrek. | 3 |
| | | | | | |
| 2.2 | Kinders is mal daaroor om <u>kos te maak / te kook.</u> Kinders is <u>lief</u> daarvoor om in die kombuis te wees. (solank hulle of mal of kombuis in eie woorde geskryf het) | | 1 | Herken selfstandige naamwoorde. | 4 |
| | | | | | |
| 2.3 | Naam van die produk ✓ | | 1 | Gebruik eienaam korrek. | 2 |
| | | | | | |
| 2.4 | televisie ✓ | | 1 | Gebruik van afkorting. | 2 |
| | | | | | |
| 2.5 | Die klein kokke ✓ | | 1 | Herkenning van onderwerp in sin. | 3 |
| | | | | | |
| 2.6 | streef ✓ | | 1 | Herkenning van gesegdes in sin. | 3 |
| | | | | | |
| 2.7 | 2.7.1 | ge/luk/kig ✓ | 1 | Gebruik van lettergrepe korrek. | 3 |
| | | | | | |
| | 2.7.2 | geslote lettergreep ✓ | 1 | Gebruik van oop en geslote lettergrepe korrek. | 4 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2.8 | twitter ✓ | 1 | Herkenning van tegnologie terme. | 1 |
| | | | | |
| 2.9 | Ons kry melk van ŉ koei. ✓ | 1 | Herkenning van sosiale gebruike en waardes. | 2 |
| | | | | **[10]** |

Kopiereg voorbehou

| **VRAAG 3** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| **VRAAG** | **MEMORANDUM ADVERTENSIE** | **PUNT** | **ASSESSERING** | **DENK-VLAK** |
| 3.1 | Vriende / maats ✓ | 1 | Gebruik van sinonieme . | 1 |
| | | | | |
| 3.2 | Ma sê aan Marie dat sy die vertoning vir die buurt se kinders moet hou./ Ma sê aan Marie sy moet die vertoning vir die buurt se kinders hou. ✓ | 1 | Gebruik indirekte rede korrek. vnw. verander – ek na sy- en werkwoord skuif. | 3 |
| | | | | |
| 3.3 | Sy het met haar troeteldier in die buurt gaan stap omdat hy oefening nodig het. ✓ | 1 | Gebruik voegwoorde akkuraat. Werkwoord in 2de sin skuif na die einde van sin na die gebruik van voegwoord [groep 3]. | 3 |
| | | | | |
| 3.4 | My arm is seer. ✓ | 1 | Gebruik en verstaan van homoniem korrek. | 4 |
| | | | | |
| 3.5 | Aandete sal vanaand deur Marie gemaak word. ✓ | 1 | Gebruik lydende vorm in toekomende tyd korrek. | 3 |
| | | | | |
| 3.6 | Ek het my swembroek uitgetrek. ✓ | 1 | Gebruik verlede tyd korrek: (uitgetrek een woord). | 2 |
| | | | | |
| 3.7 | dier**e**tuin ✓ | 1 | Gebruik van die samestelling korrek. | 2 |
| | | | | |
| 3.8 | bure ✓ | 1 | Gebruik meervoud korrek. | 1 |
| | | | | |
| 3.9 | Ek en my pelle maak ŉ video in ons tuin ✓ | 1 | Korrekte gebruik van woordorde. | 3 |
| | | | | |
| 3.10 | Ek sal ŉ uitstekende plan hê om die video op Youtube af te laai. ✓ | 1 | Gebruik toekomende tyd met infinitief korrek. | 3 |
| | | | | |
| 3.11 | Sy behoort haar ou speelgoed vir ŉ welsynorganisaie te gee. ✓ | 1 | Gebruik Infinitief korrek. | 3 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.12 | beste ✓ | 1 | Gebruik oortreffende trap korrek. | 1 |
| | | | | |
| 3.13 | dosyn ✓ | 1 | Gebruik versamelnaam korrek. | 2 |
| | | | | |
| 3.14 | boekwurm | 1 | Gebruik idiomatiese benaming korrek | 2 |
| | | | | |
| 3.15 | Ek moenie laat slaap nie. | 1 | Gebruik van ontkennende vorm korrek. | 2 |
| | | | | **[15]** |

| **VRAAG 4** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| **VRAAG** | **MEMORANDUM ADVERTENSIE** | **PUNT** | **ASSESSERING** | **DENK-VLAK** |
| 4.1 | restaurant/eetplek ✓ | 1 | Toetsing van sosiale voorkeure. | 3 |
| | | | | |
| 4.2 | Hou sy hande op asof hy iets wil vang. ✓ | 1 | Visuele afleiding van houding. | 4 |
| | | | | |
| 4.3 | Wil die kelner se aandag trek. ✓ | 1 | Visuele afleiding van houding. | 5 |
| | | | | |
| 4.4 | kelner (nie kelnerin nie) ✓ | 1 | Gebruik vertaling korrek. | 3 |
| | | | | |
| 4.5 | B / Dis ʼn plesier. ✓ | 1 | Toetsing van houding, sosiale waardes en voorkeure. | 4 |
| | | | | **[5]** |

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: OPSOMMING

## VRAAG 5: WENKE OOR HOE OM ENERGIE TE BESPAAR

### ASSESSERINGSRIGLYNE

### ALGEMEEN

- Lees die hele opsomming om ŉ geheelindruk van die opsomming te kry.

- Beplanning is nie nodig nie.

- Indien rofwerk / beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien ŉ poging in potlood aangewend word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.

- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. ŉ Opsomming in die verkeerde formaat MOET nagesien word. (Sien PUNTETOEKENNING).

- Indien die opsomming te KORT is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE.

- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Ignoreer die res van die opsomming.

- Slegs feite wat in VOLSINNE aangebied word, verdien punte.
  ŉ Volsin het ŉ werkwoord / werkwoorde.

- Taal- en spelfoute word nie gepenaliseer nie.
- Kandidate verloor punte indien daar direk aangehaal word. Hy/Sy moet sy eie woorde gebruik.

**KEN DIE PUNTE SO TOE VIR NIE DIREKTE AANHALINGS NIE:**
**LET WEL: Die hoofgedagte kan in ŉ volsin of in ŉ sinsnede aangebied word, SOLANK DIT SINVOL IS.**

1–3 feite korrek= 1 punt
4–5 feite korrek= 2 punte
6–7 feite korrek= 3 punte

**KEN DIE TAALPUNTE SO TOE VIR DIREKTE AANHALINGS:**
**LET WEL: Die hoofgedagte kan in ŉ volsin of in ŉ sinsnede aangebied word, SOLANK DIT SINVOL IS.**

6–7 aanhalings = geen punte vir taal
1–5 aanhalings= 1 punt vir taal

Kopiereg voorbehou 

Kyk na die hierdie voorbeeld:

1. Eie woorde ✓
2. Eie woorde ✓
3. Eie woorde ✓
4. Eie woorde ✓
5. Eie woorde ✓
6. Direk aangehaal ✓
7. Eie woorde. ✓

As die kandidaat enigsins aangehaal het, is daar net 1 taalpunt beskikbaar.

**MOONTLIKE VERWERKING**
**FEITE WENKE OOR HOE OM ELEKTRISITEIT TE BESPAAR**

1 Sit die warmwatertoestel op ʼn laer temperatuur.

2 Kook altyd met ʼn deksel op.

3 Maak vensters en deure toe as lugversorger aan is.

4 Kook genoeg water in die ketel wat jy nodig het.

5 Maak yskas net oop wanneer jy iets wil uithaal./ Moenie yskasdeur onnodig lank laat oopstaan nie.

6 Doen al die strykwerk op een slag.

7 Gebruik minder elektrisiteit gedurende spitstye.

**TOTAAL AFDELING C: 10**
**GROOTTOTAAL: 60**

Kopiereg voorbehou